MIDSTREAM COLLEGE

NUUSBRIEF 11/2025 **23 Januarie 2025**

SKOOLSAKE

VANUIT DIE HOOF SE KANTOOR

What the new year brings to you will depend a great deal on what you bring to the new year.

Vern McLellan

Ek wens elke ouer, leerder en onderwyser ‘n Carpe Diem- en ‘n half-vol-glas 2025 toe. Mag ons deur die jaar inspirasie put uit die positiwiteit en energie wat met die begin van ‘n nuwe jaar geassosieer word. Baie welkom aan ons voornemende graadagts, asook ander nuwe leerders en hulle ouers. Die graadagts is reeds baie opgewonde oor hul inhuldiging volgende Donderdag 30 Januarie waarna hul volwaardige Midstream College-leerders word. Die spontaniteit van die nuwe onderwysers wat hierdie jaar by ons aangesluit het, hou groot belofte in vir die nuwe jaar– geniet die Midstream Power.

Ons is voorwaar trots op die matrieks van 2024 se uitslae. Nogmaals geluk aan al die toppresteerders; 40 van hulle het 7 of meer onderskeidings behaal. Cara-Renette Ponting met ‘n gemiddeld van 97,6% (10 A’s) en Ruan van Tonder met 11 A’s verdien spesiale vermelding. Die dertien leerders op die IEB se toppresteerderlys asook hul 728 onderskeidings (3,4 per kandidaat) is die beste nog. Meer detail is op ons webblad beskikbaar.

Midstream College glo in ’n oopdeurbeleid. Kontak dus gerus die betrokke onderwysers of afrigters indien u enige navraag het. ’n Opregte woord van dank aan die ouers wat gereeld met ons kommunikeer. Ek het al by verskeie geleenthede genoem dat ons slegs probleme waarvan ons bewus is, kan aanspreek. Verwys gerus na ons webblad vir die korrekte kontakpersoon, asook ons dagboek waar die meeste besonderhede rondom die week se program verskyn.

Ek wil vervolgens elke graad 8-ouer na die eerste Koffie-met-Carel-geleentheid uitnooi. Gedurende hierdie informele kuier in die College HUB kry ons die geleentheid om mekaar beter te leer ken en oor die dinamiese College-omgewing te gesels. Die kuier is vir Donderdag 6 Februarie om 07:30 geskeduleer. RSVP via die volgende skakel K-M-C indien u dit graag wil bywoon. Graad 9- tot 12-ouers sal weer op Donderdag 13 Februarie die geleentheid hê om dit by te woon.

UBER

Die Onafhanklike Skolevereniging van Suid-Afrika (ISASA) het skole aangeraai om die volgende aan ouers oor die gebruik van Uber te kommunikeer: Ouers moet hulself van Uber se bepalings en voorwaardes vergewis wat bepaal dat die diens nie beskikbaar is vir persone onder die ouderdom van 18 jaar nie, tensy hulle van 'n volwassene vergesel word.
Die skool sal nie aanspreeklik wees vir enige voorvalle as gevolg van die gebruik van Uber deur leerders nie.

OUERGEBEDSGROEP

Die ouergebedsgroepie nooi alle belangstellende ouers uit om aan te sluit. Stuur gerus ‘n e-pos aan me Carolien Verster. U inligting sal aan die groepkoördineerder gestuur word. (cverster@midstreamcollege.co.za)

UITTEKEN

Ons verwys u as ouers graag na die gedragskode. Wanneer ‘n leerder uitgeteken word, moet die volgende inligting per e-pos aan die graadhoofde gestuur word: Die naam van die leerder, datum en tyd asook die rede vir die beplande afwesigheid. Dit is ook in belang van ons leerders se veiligheid dat hulle by die kantoor afgehaal word.

OPEDAG – 12 MAART 2025

✉ college@midstreamcollege.co.za ☎ 012 661 2341 www. midstreamcollege.co.za

VAKVERANDERINGE

Alle versoeke vir vakveranderige moet aan die Visehoof van Akademie, me Madelaine Matthys, ge-e-pos word. U kan haar kontak by mmatthys@midstreamcollege.co.za.

EKSTRA KLASSE

Alle personeellede is per afspraak op Maandae van 14:00 tot 15:00 beskikbaar om leerders met akademiese navrae te help.

HALFJAAR- EN EINDJAAREKSAMENS

U aandag word daarop gevestig dat beide dié eksamens tot aan die einde van die kwartaal strek (sien skoolkalender op ons webtuiste) en dat alle leerders op daardie dag kan skryf. Ouers wat oorsese vakansies beplan, moet veral hierop let, aangesien geen leerder vir vakansie-doeleindes van geskeduleerde eksamens verskoon kan word nie. U samewerking in die verband word waardeer.

LEERLING- EN BESTUURSLISENSIES

Ons besef dat dit moeilik is om afsprake vir leerders se leerling- en later hulle bestuurs-lisensies te kry. Ons versoek u egter om nie die afsprake op dae te maak wanneer geskeduleerde toetse geskryf word nie. (Sien skoolwebtuiste vir toetsdatums.) Leerders kan dus nie vir lisensieafsprake van geskeduleerde toetse verskoon word nie.

AANSOEKE VIR OORSESE SKOLE EN UNIVERSITEITE

'n Toenemende getal leerders doen jaarliks aansoek vir toelating tot oorsese skole en universiteite. Dié instellings verlang wat algemeen as 'n "transcript" bekendstaan as deel van die aansoekproses. Neem asseblief kennis dat dié "transcripts" teen R300 voorsien sal word. Kontak die Hoof van Akademie in dié verband.

AKADEMIE

MATRIEKUITSLAE

Die klas van 2024 het weereens skitterende uitslae gelewer. Hulle het 'n 100%-slaagsyfer behaal en die 217 matrieks het 'n totaal van 728 onderskeidings behaal (3,4 per kandidaat), wat meer as verlede jaar se rekord van 3,3 is. 99,1% het aan die vereistes vir Baccalaureus-graadstudies aan 'n universiteit voldoen. Al die vakke spog met gemiddeldes hoër as die IEB se nasionale gemiddeldes.

Ons is besonder trots op die toppresteerders (aantal onderskeidings in hakies): Ruan van Tonder (11), Karla Alberts, Wihan Cilliers, Dian Jansen van Rensburg, Irene Jordaan, Anika le Roux, Cara-Renette Ponting en Julia Potgieter (10), Kyran Nair, Claré Nieuwoudt, Janco Schoeman en Phoebe Wang (9), Zané Boonzaaier, Alex Campbell, Kristen Knoetze, Alex Kock, Rozelle Laubscher, Reabetswe Machogo, Sedibana Ngoasheng, Danielle Rossouw, Jahred Smit, Janco van Heerden, Stephan Venter en Gabriella Wiggill (8). 'n Verdere 16 kandidate het elk sewe onderskeidings behaal.

Daarbenewens is 13 matieks, te wete Karla Alberts, Wihan Cilliers, Alex Kock, Rozelle Laubscher, Claré Nieuwoudt, Caroline Pattison, Cara-Renette Ponting, Julia Potgieter, Danielle Rossouw, Alex Campbell, Keira Govender, Dian Jansen van Rensburg en Janco van Heerden op die IEB se Toppresteerderslys met hulle puik prestasies. Dit is die meeste van enige IEB-skool! (Besoek ons webtuiste vir meer besonderhede.)

Ruan van Tonder

Cara-Renette Ponting

KULTUUR

Druk op die skakel vir kultuuruitslae

SPORT

Druk op die skakel vir sportuitslae

✉ college@midstreamcollege.co.za ☎ 012 661 2341 www. midstreamcollege.co.za